

Betaalbare Gelde & Finansiële Reëls Potchefstroomkampus

Fees Payable & Financial Rules Potchefstroom Campus

2017

Studentegelde & Debiteure

Kontaknommers vir rekeningnavrae: 018 299 2667/ 2668/ 2669/ 2670/ 2671/ 2672/ 2673
Pos adres: Privaatsak X6001, POTCHEFSTROOM, 2520
E-pos: PUK-studyfees@nwu.ac.za
Faks: 087 230 3700
Webtuiste: <http://www.nwu.ac.za/af/fadi/index>
Kantoorure: Maandag tot Vrydag van 08:00 tot 16:30

Student Fees & Debtors

Account enquiries contact numbers: 018 299 2667/ 2668/ 2669/ 2670/ 2671/ 2672/ 2673
Postal address: Private Bag X6001, POTCHEFSTROOM, 2520
Email: PUK-studyfees@nwu.ac.za
Fax: 087 230 3700
Website: <http://www.nwu.ac.za/p-far/index.html>
Office hours: Monday to Friday from 08:00 to 16:30

Inhoudsopgawe

Betaalbare Gelde & Finansiële Reëls 2017

The English table of contents follows the Afrikaans Inhoudsopgawe

1	ALGEMENE BEPALINGS	4
1.1	WYSIGING VAN UNIVERSITEITSGELDE	4
1.2	UNIVERSITEITSNOMMER	4
1.3	FINANSIËLE AANSPREEKLIKHEID	4
1.4	VERANTWOORDELIKHEID VAN 'N STUDENT	5
1.5	AMPTELIKE ADRESSE.....	5
1.6	VRYWARING.....	5
1.7	WEBADRES	6
2	BETAALBARE GELDE	6
2.1	NAVRAE EN KWOTASIES	6
2.2	BEDRAE BETAALBAAR.....	6
2.2.1	Aansoekgelde	6
2.2.2	Registrasiegeld	6
2.2.3	Klasgeld	6
2.2.4	Losiesgeld	7
2.2.5	Eterekening.....	9
2.2.6	Ander gelde.....	10
2.3	BETALINGSVOORWAARDES	10
2.3.1	Betalingsopsies: Klas-, losies- en ander gelde.....	10
2.3.2	Minimum eerste betaling.....	11
2.3.3	Betaling van minimum eerste betalings	12
2.3.4	Vereffening van universiteitsrekening.....	13
2.3.5	Korting op vroeë betaling van klas- en losiesgelde	13
2.3.6	Personeelafslag	13
2.3.7	Kredietbedrae op 'n universiteitsrekening	14
2.3.8	Verantwoordelikheid vir nakoming van betalingsvoorwaardes.....	14
2.3.9	Nienakoming van betalingsvoorwaardes	15
2.4	KREDIETSALDO'S	15
3	KANSELLASIE OF WYSIGING VAN STUDIE	16
3.1	PROSES BY KANSELLASIE VAN STUDIE.....	16
3.2	BETAALBARE GELDE BY KANSELLASIE OF TERMINERING VAN STUDIE.....	16
3.3	VOORTGESETTE AANSPREEKLIKHEID BY SKORSING.....	16
3.4	BETAALBARE GELDE BY WYSIGING VAN MODULES	16
3.5	OOREENGEKOME ONDERBREKING VAN NAGRAADSE STUDIES.....	17
3.6	AFSTERWE VAN INGESKREWE STUDENT	17
4	ANDER GELDE	17
5	FINANSIËLE STEUN	19

5.1	AFDELING A: AKADEMIESE MERIETEBEURSE	19
5.2	AFDELING B: LEIERSKAPSBEURS / KUNS- EN KULTUURBEURSE.....	20
5.3	AFDELING C: ONDERSTEUNINGSBEURSE.....	20
5.4	AFDELING D: RUGBY- EN/OF SPORTBEURSE.....	20
5.5	AFDELING E: NWU NAGRAADSE BEURSSKEMA	20
5.6	AFDELING F: NSFAS-BEURS-LENINGSKEMA	21
5.7	AFDELING G: FUNZA LUSHAKA-ONDERWYSBEURS	21
5.8	BEURSE VANAF INSTANSIES BUIE DIE UNIVERSITEIT	21
5.9	ALGEMEEN.....	21
5.10	FUNDI (Eduloan)	22
1	GENERAL CONDITIONS.....	23
1.1	CHANGES IN UNIVERSITY FEES	23
1.2	UNIVERSITY NUMBER.....	23
1.3	FINANCIAL LIABILITY	23
1.4	RESPONSIBILITY OF A STUDENT	24
1.5	OFFICIAL ADDRESSES	24
1.6	INDEMNITY	24
1.7	WEB ADDRESS	25
2	FEES PAYABLE	25
2.1	ENQUIRIES & QUOTATIONS	25
2.2	AMOUNTS PAYABLE.....	25
2.2.1	Application fee	25
2.2.2	Registration fee	25
2.2.3	Tuition fees	25
2.2.4	Residence fees	26
2.2.5	Meals account.....	27
2.2.6	Other fees	28
2.3	CONDITIONS OF PAYMENT.....	29
2.3.1	Payment options: Tuition, residences and other fees.....	29
2.3.2	Minimum first payment.....	30
2.3.3	Postponement for payment of minimum first payments	31
2.3.4	Payment of university account.....	31
2.3.5	Early settlement discount on tuition and residence fees	32
2.3.6	Staff discount	32
2.3.7	Credit amounts on a university account.....	33
2.3.8	Responsibility for compliance with conditions of payment.....	33
2.3.9	Failure to comply with the conditions of payment.....	33
2.4	CREDIT BALANCES.....	34
3	CANCELLATION OR CHANGE OF STUDY	34
3.1	PROCESS UPON CANCELLATION OF STUDY	34
3.2	FEES PAYABLE UPON CANCELLATION OR TERMINATION OF STUDIES.....	35
3.3	.CONTINUED LIABILITY UPON EXPULSION	35

3.4	FEES PAYABLE UPON CHANGING OF MODULES	35
3.5	AGREED SUSPENSION OF POSTGRADUATE STUDIES.....	35
3.6	DEATH OF A REGISTERED STUDENT	35
4	OTHER FEES.....	35
5	FINANCIAL SUPPORT	38
5.1	SECTION A: ACADEMIC MERIT BURSARIES	38
5.2	SECTION B: LEADERSHIP BURSARY / ARTS AND CULTURE BURSARIES.....	38
5.3	SECTION C: SUPPORT BURSARIES	39
5.4	SECTION D: RUGBY AND/OR SPORTS BURSARIES.....	39
5.5	SECTION E: NWU POSTGRADUATE BURSARY SCHEME	39
5.6	SECTION F: NSFAS BURSARY-LOAN SCHEME	39
5.7	SECTION G: FUNZA LUSHAKA BURSARY PROGRAMME.....	39
5.8	BURSARIES FROM INSTITUTIONS OUTSIDE THE UNIVERSITY	40
5.9	GENERAL.....	40
5.10	FUNDI (Eduloan)	40

Betaalbare Gelde & Finansiële Reëls 2017

1 ALGEMENE BEPALINGS

1.1 WYSIGING VAN UNIVERSITEITSGELDE

Die Raad van die Noordwes-Universiteit behou die reg voor om sonder kennisgewing die vasgestelde klas-, losies- en ander gelde, asook die wyse waarop betaling moet geskied, te wysig.

1.2 UNIVERSITEITSNOMMER

Elke toegelate student tot die Noordwes-Universiteit ontvang 'n universiteitsnommer. Studente moet daarop let dat hulle nie net as 'n nommer beskou word nie, **MAAR** hierdie universiteitsnommer moet op **alle** korrespondensie wat aan die Universiteit gerig word, verskyn.

Hierdie **8-syfer-universiteitsnommer** is ook die enigste verwysing wat gebruik moet word by **direkte bank- of elektroniese bankoorplasing**s in die Universiteit se bankrekening vir 'n student se rekening ten opsigte van klas-, losies en ander gelde of kontant vir etes.

1.3 FINANSIËLE AANSPREEKLIKHEID

Alle studente moet jaarliks geregistreer wees soos bepaal in die Algemene Akademiese Reëls, die Statuut van die Noordwes-Universiteit en die toepaslike bepalings van die Wet op Hoër Onderwys.

'n Student wat geregistreer is, is aanspreeklik vir die volle klas-, losies- en ander gelde.

U word daarop gewys dat die kontrak wat deel vorm van die aansoek om toelating tot die Noordwes-Universiteit en deur die student en/of borg/medeskuldenaar onderteken is, die student onder andere verbind tot die betaling van die volle klas-, losies- en ander gelde soos deur die Universiteit vir enige bepaalde jaar van registrasie vasgestel word. Verder word die student se aanspreeklikheid vir die betaling van universiteitsgelde nie geraak of verminder deur die student en/of hul borg/medeskuldenaar se onkunde ten opsigte van die reëls en regulasies van die Noordwes-Universiteit nie, of die ongeldigheid van hul inskrywing ooreenkomstig daardie reëls en regulasies nie.

Deur ondertekening en indiening van die registrasievorm word die bepalings van hierdie reglement deur verwysing by die kontrak tussen die Universiteit en die student geïnkorporeer en aanvaar die student verantwoordelikheid vir die betaling van alle voorgeskrewe gelde (of 'n rekening ontvang word al dan nie) soos van tyd tot tyd deur die Raad vasgestel.

Die student verleen ook toestemming dat sy persoonlike finansiële inligting, op versoek van derde partye, deur die Universiteit aan sodanige derde partye verskaf mag word. Derde partye beteken die student se ouers (met bewyslewing deur die ouers dat hul inderdaad die student se ouers is), beursgewers en finansiële instellings. Die derde partye moet aan die Universiteit bewys lewer van hulle belang in die bovermelde inligting, waarna die Universiteit sal oordeel of die derde partye hierop geregtig is. Die toestemming wat die student gee waarna hierbo verwys word, word kragtens die voorskrifte vervat in die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting van 2013, gegee. Die student kan hierdie toestemming te eniger tyd met skriftelike kennisgewing aan die Afdelingshoof Studentegelde & Debiteure terugtrek by die adres soos onder klousule 1.5 gelys.

Enige bedrag wat aan die Universiteit van tyd tot tyd deur die student verskuldig en betaalbaar is, ooreenkomstig die Universiteit se finansiële reglement soos gepubliseer in die brosjure getiteld "Betaalbare Gelde en Finansiële Reëls", sal vasgestel en bewys word deur middel van 'n saldoserifikaat uitgereik en onderteken deur 'n gemagtigde amptenaar van die Universiteit. So 'n sertifikaat sal bindend wees op die student, en sal dien as *prima facie*-bewys van die aanspreeklikheid van die student, die omvang en verskuldigheid van sodanige bedrag deur die student aan die Universiteit, en sal hierdie sertifikaat dien as *prima facie*-bewys van die student se aanspreeklikheid, verskuldigheid en omvang van die bedrag aan die Universiteit vir doeleindes van die verkryging van summiere vonnis.

'n Student sal nie toegelaat word om te registreer alvorens die vorige jaar of jare se finansiële verpligtinge teenoor die Universiteit nagekom is nie. Indien 'n student en/of sy/haar

borg/medeskuldenaar onder skuldberading geplaas is, mag geen krediet aan die student toegestaan word nie, tot tyd en wyl die skuldberader bevestig dat alle uitstaande skuld ooreenkomstig die hofbevel vereffen is nie. Die Noordwes-Universiteit pas in hierdie gevalle die voorskrifte van die Nasionale Kredietwet streng toe.

Finansiële steun is in bepaalde gevalle ingevolge die regulasies van die Noordwes-Universiteit beskikbaar (sien paragraaf 5).

1.4 VERANTWOORDELIKHEID VAN 'N STUDENT

Die verantwoordelikheid vir die betaling van die klas-, losies- en ander gelde berus by die student en/of alternatiewelik die student se borg/medeskuldenaar, na gelang van die geval. Indien die student se Universiteitstudies deur 'n beurs of lening gefinansier word, moet die rekening onverwyld aan die beurs- of leninggewer vir betaling voorgelê word. **Die Universiteit is nie verantwoordelik daarvoor om rekeninge aan die beurs- of leninggewer te stuur nie. Dit bly die student se verantwoordelikheid om toe te sien dat die beurs- of leninggewer die nodige betalings aan die Universiteit maak.**

Die Noordwes-Universiteit aanvaar geen verantwoordelikheid vir foutiewe adresse of ontoereikende posdienste wat tot gevolg het dat rekeningstate wat versend is, verlore raak nie. **Die verantwoordelikheid berus by die student om navraag te doen indien hul nie rekenings ontvang nie.**

Adresveranderings vir voorgraadse- en honneurs studies moet gedoen word by die instapdiens van Voorgraadse Administrasie: Rekordnavrae in die Joon van Rooy-gebou (F1), of per e-pos by PUC-Undergrad-Records@nwu.ac.za.

Adresveranderinge vir magister- en doktors studies moet gedoen word by Hoërgrade-administrasie se instapdiens kantoor 257 op die 2de vloer van die Joon van Rooy-gebou (F1), of per e-pos na PostGrad-EnquiriesPOTCH@nwu.ac.za.

EOAL studente kan van die instapdiens gebruik maak by gebou B11a, kamer G03 of per e-pos na UODL-Registrations@nwu.ac.za

Rekening-e-posadresse word ook op alle aansoekvorms vasgelê en tydens registrasie bevestig.

Die feit dat 'n rekeningstaat nie ontvang is nie, word nie as verskoning aanvaar vir die versuim om Universiteitsgelde te betaal teen die betaalbare datum nie.

1.5 AMPTELIKE ADRESSE

Rig korrespondensie aan die Universiteit vir die volgende persone se aandag:

POTCHEFSTROOM KAMPUS

Akademiese aangeleenthede:

Die Kampusregistrator
Privaatsak X6001, POTCHEFSTROOM, 2520
Faks: 018 285 6066

Studentegelde & debiteure aangeleenthede:

Die Afdelingshoof
Studentegelde & Debiteure
Privaatsak X6001, POTCHEFSTROOM, 2520
Faks: 087 231 5401

Beurse & lenings-aangeleenthede:

Die Hoof
Finansiële Steundienste
Privaatsak X6001, POTCHEFSTROOM, 2520
Faks: 018 299 2044

1.6 VRYWARING

Dit is die enigste en amptelike gids ten opsigte van betaalbare gelde van die Noordwes-Universiteit(Potchefstroomkampus). Alhoewel daar in die voorafgaande jaar verskeie prospektusse met betrekking tot betaalbare bedrae uitgereik is, sal die bedrae in hierdie gids gebruik word om studenterekeninge saam te stel.

Alle gelde wat in hierdie gids verskyn, word jaarliks aangepas. Hoewel die inligting wat in hierdie gids verskyn so noukeurig moontlik saamgestel is, aanvaar die Raad en Senaat geen aanspreeklikheid vir foutiewe inligting wat hierin mag voorkom nie. U bevestig hiermee dat u ten volle op hoogte is van en verstaan wat hierdie vrywaring inhou en beteken.

Die Engelse benamings van die verskillende modules soos op 'n studenterekening gehef, is slegs vir doelmatigheid en beteken nie noodwendig dat die modules ook in Engels aangebied word nie.

1.7 WEBADRES

Die gids is ook op die web beskikbaar by: http://www.nwu.ac.za/webfm_send/59044

2 BETAALBARE GELDE

2.1 NAVRAE EN KWOTASIES

Navrae in verband met studenterekeninge kan gerig word aan die personeel by studenterekeninge op die onderskeie kampusse:

Potchefstroom : in die betaalsaal op die grondvloer van die Joon van Rooy-gebou, gebou nommer F1.

Tel: 018 299 2667/ 2668/ 2669/ 2670/ 2671/ 2672/ 2673

Faks: 087 230 3700

E-pos: PUK-studyfees@nwu.ac.za

Die navrae by bogenoemde telefoonnummers kan soms geweldige hoë volumes bereik. U kan ook skakel na die Universiteit se skakelbord by 018 299 1111 of 299 2222.

2.2 BEDRAE BETAALBAAR

2.2.1 Aansoekgelde

Nuwe studente moet aansoek doen om toelating tot die Noordwes-Universiteit en die bedrag, soos gelys onder paragraaf 4.2, moet die aansoek vergesel. Die bedrag is nieterugbetaalbaar nie en sal nie op die studenterekening verskyn nie.

SLEGS vir die doel kan u 'n direkte bankdeposito of elektroniese bankoorplasing maak in die Noordwes-Universiteit se bankrekening. Die rekeningnaam is "**NWU-DIVERSE**" en die bankbesonderhede is ABSA, rekeningnommer 670-642-313 en takkode 632-005. Kontak ons vir enige navrae rondom die bankrekening by PUK-bankdeposit@nwu.ac.za.

Die belangrikste egter is u verwysing.

- Suid-Afrikaanse burgers moet asseblief die letter **A** tesame met die voornemende student se **RSA ID-nummer** gebruik as verwysing vir ons bankrekening.
- Buitelandse studente moet egter die letter **A** tesame met die voornemende student se **geboortedatum en van** gebruik as verwysing vir ons bankrekening.

2.2.2 Registrasiegeld

Alle studente moet die jaarlikse registrasiegeld betaal soos gelys onder paragraaf 4.2. Hierdie registrasiegelde word gebruik om die registrasieproses te bedryf. Die bedrag is **nie terugbetaalbaar** nie, kwalifiseer nie vir personeelafslag of vroeëvereffeningskorting nie en kan ook nie maandeliks afbetaal word nie. Registrasie ná amptelike sperdatums, soos gekommunikeer, is onderhewig aan 'n laatregistrasieboete, soos gelys onder punt 4.2.

2.2.3 Klasgeld

Klasgelde bestaan uit twee komponente. Die eerste is **modulekoste**, en dit word bepaal deur die spesifieke modules waarvoor 'n student registreer. Die tweede komponent is 'n **kwalifikasieprogramkoste**. Die heffing is 'n aanpassing wat die Universiteit maak aan die totale koste vir die spesifieke graad om sodoende die waarde van die kwalifikasieprogram korrek te reflekteer, beide wat betref die kwalifikasieprogram se markwaarde en die aansprake op die Universiteit infrastruktuur deur die spesifieke kwalifikasieprogram.

Diplomas, voorgraadse en honneursgraad-klasgeld is dus betaalbaar teen 'n **tarief per module** waarvoor 'n student ingeskryf is plus die **kwalifikasieprogramkoste**.

Meesters- en doktorsgraadkwalifikasies is egter betaalbaar teen slegs 'n **tarief per kwalifikasie** waarvoor die student ingeskryf is, behalwe MBA en MPA wat per geregistreerde modules gehef word.

Afstandstudies is betaalbaar teen slegs die modulekoste. Kwalifikasieprogramkoste is nie van toepassing op afstandstudies nie.

Indien 'n student modules herhaal en gevolglik die studietydperk vir die kwalifikasie oorskry, sal die betrokke module(s) plus die jaarlikse kwalifikasieprogramkoste gehef word.

Die volledige lys van klasgelde vir modules en kwalifikasies word geag deel van hierdie dokument te wees kragtens die leerstuk van inkorporasie deur verwysing, en is tydens registrasie beskikbaar. Hierdie klasgelde vorm 'n integreerende deel van die Betaalbare Gelde & Finansiële Reëls 2017.

'n Student kan in enige studiejaar, buiten die vereiste modules van die betrokke program, bykomende modules neem teen betaling van normale klasgelde en met die toestemming van die dekaan, ooreenkomstig die toepaslike fakulteitsreëls.

2.2.3.1 Maksimum klasgeldtydperke: Diplomas, voorgraadse en honneursgrade

Die maksimum klasgeldtydperk is die tydperk waarvoor die betaalbare gelde vir alle voorgraadse kwalifikasies, nagraadse diplomas en honneursgrade bereken word. Kursusse se studietydperke verskil van kwalifikasie tot kwalifikasie en daar word jaarliks 'n kwalifikasieprogramkoste per kursus gehef.

Hierdie maksimum klasgeldtydperke moet nie met enige van die Algemene Akademiese Reëls verwar word nie.

Indien 'n student die maksimum klasgeldtydperk van 'n spesifieke kwalifikasie oorskry, sal daar wel in die oorskrydingsjare ook 'n volle kwalifikasieprogramkoste gehef word, ongeag die aantal modules waarvoor geregistreer word in die oorskrydingsjare, en die koste sal nie kwalifiseer vir personeelafslag nie.

2.2.3.2 Maksimum klasgeldtydperke: Meesters- en doktorsgrade

Klasgeld vir meesters- en doktorsgraadkwalifikasies word per kwalifikasie per jaar gehef, met die uitsondering van MBA en MPA, wat per geregistreerde modules gehef word.

Permanente personeel geregistreer vir meesters- of doktorsgraadstudies kwalifiseer om vir onderskeidelik drie en vier akademiese jare om personeelafslag aansoek te doen.

Weereens, hierdie maksimum klasgeldtydperke moet nie met enige van die Algemene Akademiese Reëls verwar word nie.

Indien 'n meesters- of doktorsgraadstudent nie hou by die inhandigingsdatum vir hul skripsie, verhandeling of proefskrif ingevolge die Algemene Akademiese Reëls nie, loop die student die risiko dat die uitslag laat ontvang word en dan nie op die graduandilys bygewerk sal word nie. Die gevolg is registrasie vir 'n bykomende akademiese jaar en die moontlike oorskryding van die studietydperk. Die implikasie van die bykomende registrasie is dat meesters- en doktorsgraadstudente die registrasiegelde en die volle jaarlikse kwalifikasieprogramkoste vir elke jaar oor die perk sal moet betaal, en dat die koste nie vir personeelafslag sal kwalifiseer nie.

2.2.4 Losiesgeld

Volledige inligting insake koshuise is vervat in die reglemente vir inwoners van kampus- en dorpskoshuise en is op aanvraag by die kantoor van die Dekaan Studentesake beskikbaar of op die NWU-webblad by <http://www.nwu.ac.za/af/voornemende-studente/verblyf-koshuise>.

2.2.4.1 Aansoek om toelating tot 'n koshuis

'n Student se aansoek om toelating tot 'n koshuis moet vergesel word van die voorgeskrewe aansoekgeld van R 500 voor die aansoek om koshuisplasing enigsins oorweeg sal word. Vir die doel kan u 'n direkte bankdeposito of elektroniese bankoorplasing maak in die Noordwes-Universiteit se bankrekening by ABSA. Die rekeningnaam is "NWU DIVERSE" en die rekeningnommer is 670-642-313 met takkode 632-005.

Die belangrikste egter is u verwysing.

- Suid Afrikaanse burgers moet asseblief die letter **A** tesame met die voornemende student se **RSA ID-nummer** gebruik as verwysing vir ons bankrekening.
- Buitelandse studente moet egter die letter **A** tesame met die voornemende student se **geboortedatum en van** gebruik as verwysing vir ons bankrekening.

Kontak ons vir enige navrae rondom die bankrekening by PUK-bankdeposit@nwu.ac.za.

Wanneer 'n eerstejaar student deur Inwoning- en Voedseldienste (IVD) in 'n koshuis geplaas is, sal hul 'n amptelike skrywe ontvang waarin daar aangedui word dat hulle binne 30 dae 'n nieterugbetaalbare bevestigingsbedrag van R4 000 moet betaal ten einde hul plek in die koshuis te bevestig. Die totale R4 500-deposito, of R500 in die geval van senior studente, word jaarliks gedurende Maart teen die betrokke student se klas- en losiesgeldrekening gekrediteer.

Indien die bevestigingsbedrag nie binne 30 dae betaal word nie, sal die student se koshuisplasing gekanselleer word en die R 500 losiesdeposito verbeur word.

By aanvaarding van 'n aansoek om koshuisinwoning deur die Universiteit, kom 'n kontraktuele ooreenkoms tussen die student en die Universiteit ooreenkomstig die Universiteit se reglement vir koshuise tot stand en verbind die aansoeker hul daartoe om vir 'n volle akademiese jaar in die koshuis in te woon. Die aansoekgeld word dan as 'n losiesdeposito op die rekeningstate aangedui.

Indien 'n student gedurende die eerste semester 'n koshuis verlaat, bly hul verantwoordelik vir die volle jaar se losiesgeld. Sien punt 2.2.4.3 in verband met kansellاسies. U kan telefoniese navraag doen by 018 299 2671 of 'n e-pos stuur na PUK-studyfees@nwu.ac.za.

2.2.4.2 Losiesgelde vir 2017

Mans- en dameskoshuise Potchefstroom	Per jaar
Caput, Excelsior, Heide, Hombré, Karlien, Kasteel, Klawerhof, Kom-en-Gaan, Laureus, Minjonet, Oosterhof, Over-de-Voor, Patria, Vergeet-My-Nie, Veritas, Wag-'n-Bietjie en Wanda	R19 040
Mans- en dameskoshuise: enkelkamers Potchefstroom	
De Wilgers, Eikenhof, Huis Republiek en Ratau	R19 740
Oppirif Potchefstroom	
Selfsorgeenhede	R25 870
Internasionale selfsorgeenhede	R31 480

Bogenoemde bedrae sluit nie die aansoekgelde om koshuisinwoning van R500 in, of die nieterugbetaalbare bevestigingsbedrag van R4 000 in die geval van eerstejaars, wat reeds in die voorafgaande jaar betaal was om u plek in die koshuis te bespreek en te bevestig nie.

Die R 500 aansoekgelde tesame met die R 4 000 bevestigingsbedrag in die geval van eerstejaars, word as 'n **losiesdeposito** op u rekeningstate aangedui en sal aan die einde van Maart oorgeplaas word as krediet op u klas- en losiesgeldrekening.

2.2.4.3 Koshuiskansellاسie

2.2.4.3.1 Terugbetaling van R 4 500 losiesdeposito aan nuwe studente

'n Student verbeur die losiesdeposito behalwe wanneer 'n skriftelike kansellاسie voor 31 Desember (wat die jaar van plasing voorafgaan) ontvang is en gestaaf word deur een van die volgende redes:

- Siekte, in welke geval 'n mediese sertifikaat die aansoek om terugbetaling van die losiesdeposito moet vergesel.
- Wanneer die student nie amptelik toelating tot die Universiteit, soos deur die amptelike reëls van die Universiteit bepaal, kon verwerf nie.

2.2.4.3.2 Terugbetaling van R 500 losiesdeposito aan senior studente

Die losiesdeposito sal slegs terugbetaalbaar wees indien 'n student hul plekbespreking vir die volgende jaar skriftelik voor 31 Desember van die jaar wat die plasing voorafgaan kanselleer op grond van ten minste een van die volgende redes:

- Siekte, in welke geval 'n mediese sertifikaat die aansoek om terugbetaling van die losiesdeposito moet vergesel.
- Die feit dat 'n student 'n universiteitseksamen gedruip het dat hul nie met hul volgende studiejaar kan voortgaan nie en om dié rede nie na die Universiteit terugkeer nie.

2.2.4.3.3 Terugbetaling van losiesgeld

Losiesgeld word vir 'n volle jaar gehêf. Geen terugbetaling sal gemaak word nie, ongeag die kansellاسiedatum.

'n Student kan slegs krediet ontvang indien hul 'n dorpsstudent in hul plek werf en die koshuisbestuur die betrokke dorpsstudent aanvaar. Die betrokke studente sal dan volgens 'n glyskaal aangeslaan word.

Seniors wat na die eerste semester afstudeer, betaal vir die volle jaar.

As 'n eerstejaarstudent voor einde Februarie weens aanpassingsprobleme kanselleer, betaal hul slegs vir die eerste semester. Indien na einde Februarie gekanselleer word, geld die volle jaarlikse tarief. In hierdie geval geld dieselfde reëling soos hierbo indien hul 'n dorpsstudent kan werf en die koshuisbestuur die persoon goedkeur om hul plek te neem.

Die enigste uitsonderings is in geval van ernstige siekte of afsterwe van die student, in welke geval 'n terugbetaling kan geskied soos deur die Direkteur Inwoning- en Voedseldienste in sy diskresie bepaal mag word.

2.2.5 Eterekening

2.2.5.1 Etes tydens die Registrasie- en Oriënterinsprogram (R&O)

Deelnemende koshuis eerstejaarstudente geniet drie etes per dag by die koshuiseetsale gedurende die eerste twee weke van die R&O. Hierdie eerstejaarstudente se **klasgeldrekenings** sal na registrasie met die bedrag vir die R&O etes gedebiteer word en die betaling daarvan vorm deel van die minimum eerste betaling.

2.2.5.2 Universiteitskaart: Etefunksie

Na afloop van die aanvanklike twee R&O-weke sal die studente se universiteitskaarte aktief wees waarna etes gekoop kan word vanuit die krediet op hul eterekening. Etes word streng op 'n kontantbasis by die Universiteit hanteer. Dit beteken dus dat u slegs dit wat u op u eterekening inbetaal, beskikbaar het; geen krediet word dus vir etes verleen nie!

Dit is dus belangrik dat studente seker maak dat daar voldoende kontant op hul eterekening is vir aankope. Etes, bereken teen R100 per dag vir 170 akademiese dae, beloop ongeveer R17 000 per jaar of R2 000 per maand. **Hierdie is slegs 'n aanduiding!**

Studente betaal slegs vir etes wat wel geneem word. Etes in koshuiseetsale kan slegs deur middel van die universiteitskaart genuttig word. Etes, snoeperye en ander verversings kan ook in die kafeteria, kiosks, koffiewinkels en restaurant met die universiteitskaart aangekoop word.

2.2.5.3 Universiteitskaart: Ander aankoopfunksies

Slegs kampusgoedgekeurde items mag op die universiteitskaart gekoop word wat mag insluit, maar nie beperk is nie tot PUK-dagboeke, PUK-rugbytruie, eerstejaarsdineekaartjies of toegangskaartjies na goedgekeurde studentefunksies wat by die kafeteria of Pukki Alumni-Klerewinkel aan studente beskikbaar gestel word.

Die universiteitskaart kan ook gebruik word vir die betaling van dienste by die IT-Instapdiens, die Gesondheidsorgsentrum of die Instituut vir Sielkunde & Welstand en selfoonlugtyd mag ook via die NWU Mobi App teen die kaart gekoop word.

Die universiteitskaart kan ook afkampus aangewend word by geregistreerde sakeondernemings op die bult soos onder andere Friendly Grocer en Kampus Apteek.

2.2.5.4 Universiteitskaart: Toegangskaart

Die universiteitskaart verleen ook toegang tot alle plekke en geboue waarop 'n student geregtig mag wees.

2.2.5.5 Betalingsopsies vir kontant-etestelsel (NWU VENDING)

Betalings kan op weksdae vanaf 08:00 tot 15:30 by die **kassier in die F1-gebou** gedoen word.

'n Direkte bankdeposito of elektroniese bankoorplasing kan gemaak word in enigeen van die Noordwes-Universiteit se bankrekenings by **ABSA**, **Eerste Nasionale Bank**, **Nedbank** of **Standard Bank**. By ABSA se Rekeningbetalings, ENB se Public Recipients, Nedbank se Bank-approved beneficiaries of Standard Bank se Companies moet die rekeningnaam "**NWU VENDING**" vanuit u bank se lys van begunstigdes gekies word. Skermdrukke (screenshots) vir hierdie opstellings is op ons webblad beskikbaar by <http://www.nwu.ac.za/af/content/skermdrukke>. Slegs die 8-syfer-universiteitsnommer sal as begunstigdeverwysing aanvaar word. Indien u sou verkies om wel 'n betalingsbewys te stuur, faks dit na 087 230 3701 of e-pos dit na puk-bankdeposit@nwu.ac.za.

Die onderskeie rekeningnommers is:

- | | | |
|-----------------|---------------|-----------------|
| • ABSA | 40-7010-0351 | takkode 632-005 |
| • ENB | 6216-191-6849 | takkode 240-438 |
| • Nedbank | 1713-378-558 | takkode 171-338 |
| • Standard Bank | 33-038-243-8 | takkode 052-838 |



NWU VENDING is dus uitsluitlik vir die kontant-etestelsel bedoel terwyl **NWU STUDENT** vir klas-, losies en ander geld bedoel is.

2.2.5.6 Voorwaardes vir die gebruik van die universiteitskaart

'n Spesifieke voorwaarde vir die gebruik van die universiteitskaart is dat die student aanspreeklikheid aanvaar vir alle finansiële transaksies wat met die kaart aangegaan is. Indien die universiteitskaart verlore raak, onderneem die student om dit onmiddellik by Beskermingsdienste te rapporteer sodat die universiteitskaart gedeaktiveer kan word.

Beskermingsdienste se beheerkantoor is 24 uur per dag, 7 dae per week oop, en is bereikbaar by 018 299 2215 vir na-uur se deaktivering van verlore universiteitskaarte. Die personeellid wat u tydens

kantoorure met die deaktivering van u kaart sal bystaan is Corrie Bornman by 018 299 2209 of 11760036@nwu.ac.za

Die student bly aanspreeklik vir alle transaksies wat met die universiteitskaart aangegaan word totdat dit volgens universitêre prosedures gedeaktiveer is.

2.2.6 Ander gelde

Ander gelde waarvoor studente gehef kan word, word gelys onder [punt 4](#).

2.2.6.1 Verkeersboetes

Verkeersboetes is onmiddellik betaalbaar. Studente wat hetsy versuim om hul verkeersboetes te betaal wat ingevolge die Universiteit se amptelike verkeersreglement opgelê is óf nie binne die voorgeskrewe tydperk aansoek doen vir kwytskelding van hul boetes nie, se universiteitsrekening sal ingevolge 'n Raadsbesluit met sodanige bedrae gedebiteer word. Navrae en verhoë in verband met verkeersboetes kan gerig word aan Beskermingsdienste by 018 299 4402 of per e-pos na ProtectionServices@nwu.ac.za.

2.2.6.2 Verlies of beskadiging van biblioteekmateriaal

'n Student dra die uitsluitlike verantwoordelikheid om alle uitleenmateriaal vanaf die biblioteek stiptelik by die verstryking van die uitleenperiode aan die biblioteek terug te besorg in dieselfde toestand as waarin dit was toe dit geleen is. Enige verlies van, of skade aan, uitleenmateriaal sal van die student verhaal word. Indien 'n student versuim om na kennisgewing deur die biblioteek aan die student die betrokke materiaal terug te besorg of die vervangings- of herstelkoste daarvan te betaal, na gelang van die geval, verleen die student toestemming dat die toepaslike koste teen hul universiteitsrekening gedebiteer word. Alle biblioteekgebruikers insluitende NWU-personeellede, sal beboet word as biblioteekmateriaal laat terugbesorg word.

2.2.6.3 Koshuiskas

Koshuiskasgelde mag met die skriftelike toestemming van die student, op die klasgeld rekening gehef word. Koshuiskasgelde kan insluit klerasie, kampe of ander verwante koshuisaktiwiteite.

2.2.6.4 Studentevereniging

'n Akademiese studentevereniging is 'n formele organisasie van ingeskrewe studente in 'n bepaalde kursuseenheid, vakgroep of studierigting. Die hoofdoel van die vereniging is die bevordering van hul lede se akademiese belange. Die fokus area sluit in, om 'n effektiewe kommunikasiekanaal tussen studente en dosente te wees; om klagtes van studente met betrekking tot die spesifieke fakulteit op te volg; om hulp aan behoeftige studente binne die fakulteit te verleen; en om aksies aan te bied wat in die behoeftes van die studente voorsien.

2.3 BETALINGSVOORWAARDES

2.3.1 Betalingsopsies: Klas-, losies- en ander gelde

- **Kontant, tjek, debiet- of kredietkaart**

Betalings kan weksdae vanaf 08:00 tot 15:30 by die **kassier in die F1-gebou** deur middel van kontant, tjek, debiet- of kredietkaart gedoen word.

'n Elektroniese vorm vir kredietkaartbetalings is beskikbaar by <http://ow.ly/zN3UL>. Tjeks kan uitgemaak word aan die **Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus)** met die **student se universiteitsnommer** agterop die tjek aangebring en gestuur aan: Die Kampusregisrateur, Noordwes-Universiteit, Privaatsak X6001, Potchefstroom, 2520. Tjeks moet gekruis en duidelik gemerk word "**Nie verhandelbaar nie**" en "**Nie oordraagbaar nie**".

Geen Suid-Afrikaanse bank mag verder enige tjeks of wissels vanaf banke in **Angola, Botswana, DRK, Lesotho, Malawi, Mosambiek, Namibië, Swaziland, Tanzanië, Zambië, Zimbabwe, Seychelle en Mauritius** aanvaar nie. In die lig hiervan kan die NWU dus nie meer enige tjeks of wissels van bogenoemde Afrikalande as wettige betaalmiddels aanvaar nie!


Die bepaling is net vir die Afrikalande hierbo gelys en dus sal alle ander buitelandse valuta steeds aanvaar word. Ons bankiers sal 'n wisselkoers kwoteer en met die NWU se aanvaarding daarvan, sal die prosessering van die buitelandse valutatjek voortgaan.

- **Direkte bankdeposito of elektroniese bankoorplasing**

'n Direkte bankdeposito of elektroniese bankoorplasing kan gemaak word in enigeen van die Noordwes-Universiteit se bankrekenings by **ABSA, Eerste Nasionale Bank, Nedbank, Standard Bank** of **FNB Namibië**. By ABSA se [Rekeningbetalings](#), ENB se [Public Recipients](#), Nedbank se [Bank-approved beneficiaries](#) of Standard Bank se [Companies](#) moet die rekeningnaam "**NWU STUDENT**" vanuit u bank se

lys van begunstigdes gekies word. Skermdrukke (Screenshots) vir hierdie opstellings is beskikbaar op ons webblad by <http://www.nwu.ac.za/af/content/skermdrukke>. Slegs die 8-syfer-universiteitsnommer sal as begunstigdeverwysing aanvaar word. Indien u sou verkies om steeds 'n betalingsbewys te stuur, faks dit na 087 230 3701 of e-pos dit na PUK-bankdeposit@nwu.ac.za.

Die onderskeie rekeningnommers is:

• ABSA	40-7009-9350	takkode 632-005	
• ENB	6216-190-7335	takkode 240-438	
• Nedbank	1713-378-531	takkode 171-338	
• Standard Bank	33-038-446-5	takkode 052-838	
• FNB Namibië	6224-883-9823	takkode 281-174 (Old Power Station).	

NWU STUDENT is dus uitsluitlik vir klas-, losies en ander geld terwyl **NWU-VENDING** slegs vir die kontant-etestelsel bedoel is.

- **RealPay debietorder**

Die opsie bestaan ook dat 'n universiteitsrekening per debietorder betaal kan word. Die Volmag en Magtigingsvorm (SFD006) vir aansoek om betaling per debietorder is by ons kantore of by <http://ow.ly/Tcrfy> beskikbaar. Hierdie aansoekvorm moet volledig voltooi en ingedien word by die Invorderingsafdeling van die Universiteit **binne 14 kalenderdae na registrasie**. Bepalings en voorwaardes geld en kostes is onder klousule 4 gelys. Let daarop dat geen minimum eerste betalings deur die RealPay-debietorders hanteer sal word nie.

Hierdie voltooide Volmag en Magtigingsvorm sal die Universiteit magtig om, deur middel van die **Non Authenticated Early Debit Orders**-betalingstroom (NAEDO-betalingstroom), 'n maandelikse paaient direk van deelnemende banke (**ABSA, ENB, Standard Bank, Nedbank, FNB Namibië, Capitec Bank, Mercantile Bank, Bank of Athens & Ubank**) te verhaal ter vereffening van u universiteitsrekening. Transaksies word deur die South African Bankers Services Company Beperk (**BANKSERV**) verwerk, en die Universiteit is lid van die Early Debit Order Payment System Stakeholder Forum (**PSSF**).

Navrae in verband met die debietorder Volmag en Magtigings kan telefonies gerig word aan die Invorderingsafdeling by 018 299 2662/ 2663/ 2664 of 018 299 2665, per faks by 087 230 3704 of per e-pos by PUK-invorder@nwu.ac.za.

2.3.2 Minimum eerste betaling

2.3.2.1 Eerstesemester-registrasie

Die volgende bedrae is voor registrasie betaalbaar:

POTCHEFSTROOM KAMPUS	Koshuis	Dorp	Af-kampus
Eerste betaling op klasgeld	6 980	6 980	6 980
Eerste betaling op losiesgeld	6 300	-	-
Registrasiegeld	1 610	1 610	1 610
Totaal voor kontant vir etes	14 890	8 590	8 590
Etes tydens R&O* (Verpligtend vir koshuis -eerstejaars)	1 175	-	-
Aanbevole inbetaling vir etes (Februarie & Maart 2017)**	3 050	3 050	-
Totaal insluitende kontant vir etes	19 115	11 640	8 590

* Registrasie- en Oriënteringsprogram vir eerstejaars. Eerstejaar **dorpstudente** maak self vir etes voorsiening maak.

** Etes teen R100 per dag vir 170 akademiese dae = R17 000 per jaar of R2 000 per maand.

Hierdie is slegs 'n aanduiding!

2.3.2.2 Tweedesemester-registrasie

Voorgraadse studente wat slegs vir modules van die tweede semester wil registreer, moet voor of op 31 Julie registreer. Die volle minimum eerste betaling soos hier bo aangedui, is betaalbaar met registrasie en die saldo van die rekening vir klas-, losies- en ander geld is betaalbaar in drie (3) paaientente, **met 'n finale betaling ter volle vereffening voor of op 31 Oktober**. Indien daar nie by die paaientente gehou word nie, word rente bereken op alle agterstallige paaientente.

2.3.2.3 Nagraadse registrasie

Herregistrasie vir meesters- en doktorsgrade asook nuwe aansoeke vir registrasie moet jaarliks voor 31 Maart geskied.

Alle MBA- en Nagraadse Diploma in Bestuur-studente van die Potchefstroom Besigheidskool betaal 'n **jaarlikse** nieterugbetaalbare toelatingsfooit tot die Potchefstroom Besigheidskool.

Alle LLM-verhandeling, gestruktureerde LLM- en M Phil-studente van die Fakulteit Regte betaal 'n **eenmalige** nieterugbetaalbare toelatingsfooit vir toelating tot die programme.

2.3.2.4 Registrasie van internasionale studente

Internasionale studente moet die volle bedrag van hul voorgename studie- en verwante kostes aan die Universiteit vooruit betaal voordat registrasie gefinaliseer kan word.

'n Direkte bankdeposito of elektroniese bankoorplasing kan in die Noordwes-Universiteit se **ABSA**-bankrekening gemaak word. By **ABSA** se Rekeningbetalings moet die rekeningnaam "**NWU STUDENT**" vanuit u bank se lys van begunstigdes gekies word. Slegs die 8-syfer-universiteitsnommer sal as begunstigdeverwysing aanvaar word. Indien u sou verkies om wel 'n betalingsbewys te stuur, faks dit na 087 230 3701 of e-pos dit na PUK-bankdeposit@nwu.ac.za. Die bankrekeningnommer is ABSA, rekening 40-7009-9350, takkode 632-005 en swiftcode ABSAZAJJ. Laat asseblief sewe (7) werksdae vir buitelandse betalings om ons bank te bereik en neem asseblief kennis dat klaring slegs sal geskied na ontvangs van die bedrae in ons bankrekening.

Enige student wat van eksamenleentede in die buiteland gebruik wil maak, sal 'n addisionele bedrag, soos gelys onder punt 4, per module moet betaal vir die eksamenleentede buite die RSA.

Studente bly daarvoor verantwoordelik om seker te maak dat die waarde van enige buitelandse deposito gelyk is aan die waarde van die vereiste betaling in Suid-Afrikaanse valuta. Neem asseblief ook kennis dat die bankkoste van die valutatransaksie vir die rekening van die student self is.

2.3.2.5 Namibiese studente

Namibiese studente kan wel geakkommodeer word deur die betaling van hul minimum eerste betaling en die voltooiing van 'n Volmag en Magtigingsvorm (SFD006) vir debietorderverhaling van 'n universiteitsrekening soos omskryf in klousule 2.3.1, aangesien die universiteit ook in Namibië geregistreer is om maandelikse paaiemente direk van deelnemende bankte te verhaal vir die vereffening van 'n universiteitsrekening deur middel van die **NAEDO**-betalingstroom. Die Volmag en Magtigingsvorm (SFD006) is verkrygbaar by <http://ow.ly/Tcrfy>.

Op die oomblik is die enigste deelnemende bank in Namibië die **First National Bank Namibia**, maar 'n proses is in plek om ook die ander groot banke in Namibië op die stelsel te kry.

2.3.2.6 UNISA-registrasie

Studente wat vir graaddoeleindes by die NWU registreer maar alle modules deur UNISA voltooi, betaal slegs registrasiegeld. Indien **enige** module(s) ook by die NWU geregistreer word, is die volle kwalifikasieprogramkoste en betrokke modulegelde betaalbaar.

2.3.3 Betaling van minimum eerste betalings

Die Invorderingsafdeling van die Universiteit kan telefonies gekontak word by 018 299 2662/ 2663/ 2664 of 018 299 2665, per faks by 087 230 3704 of per e-pos by PUK-invorder@nwu.ac.za.

2.3.3.1 Beursstudente

Indien 'n student se studies deur middel van 'n beurs gefinansier word, moet die skriftelike bewys daarvan jaarliks tydens registrasie aan die Invorderingsafdeling voorgelê word. Die bewys moet 'n uiteensetting gee van waarvoor die beursbedrae aangewend mag word, asook wanneer die uitbetaling daarvan sal geskied.

2.3.3.2 Studies gefinansier deur lenings

Indien 'n student se studies deur middel van 'n lening gefinansier word, moet die skriftelike bewys daarvan jaarliks tydens registrasie aan die Invorderingsafdeling voorgelê word.

Hierdie studente:

- **MOET** ook binne 14 kalenderdae na registrasie die minimum eerste betaling oorbetal van hul lening. **By die nienakoming van hierdie betalingsvoorwaarde sal die student se registrasie onmiddelik getermineer word.**
- **MOET** maandeliks stiptelik hul verpligtinge teenoor die Universiteit nakom om sodoende, soos alle ander studente, die rekening teen 31 Julie te vereffen.

- **MOET** 'n skriftelike bewys van die lening indien. **Die nienakoming van hierdie voorwaarde sal tot gevolg hê dat 'n student se registrasieproses geblok word.**

2.3.4 Vereffening van universiteitsrekening

Die Universiteit bied die alternatief dat klas- en losiesgeld in paaiemente afbetaal kan word deur betaling van die minimum eerste bedrag tydens registrasie. Volgens hierdie opsie is die klas-en losiesgeld streng in maandelikse paaiemente betaalbaar. Maandelikse paaiemente word bereken deur die verskuldigde saldo ná registrasie te neem, ongeag enige vooruitbetalings, en dit te verdeel oor die oorblywende maande tot einde Junie. Hierdie paaiemente word aangedui op die maandelikse rekeningstate, en is betaalbaar binne dertig dae ná die rekeningstaatsdatum, **met 'n finale betaling ter volle vereffening voor of op 31 Julie. Indien daar nie stiptelik by die betaling van paaiemente gehou word nie, word rente op alle agterstallige paaiemente bereken.** Rekeningstate begin op die 1ste van die maand en eindig altyd op die laaste dag van die maand. Betalings na maandeinde sal eers op die volgende maandstaat verskyn en mag renteheffings op agterstallinge paaiemente tot gevolg hê.

In die geval waar 'n student agterstallig raak met enige bedrag ooreenkomstig bogenoemde betalingsvoorwaardes, sal die Universiteit rente op sodanige agterstallige bedrae hef.

2.3.5 Korting op vroeë betaling van klas- en losiesgelde

Klas- en losiesgeld kan ten volle aan die begin van die jaar vereffen word. Om te kwalifiseer vir die **2,5% korting**, moet daar aan **al die onderstaande vereistes voldoen word:**

- Registrasie- en ander gelde kwalifiseer nie vir korting nie.
- Beide klas- en losiesgelde moet ten volle vereffen wees om te kwalifiseer.
- Kortbetalings vir selfberekende korting sal in ag geneem word, maar foutiewe berekenings mag lei tot diskwalifikasie vir korting.
- Bevestig u betaling vooraf om teleurstelling te voorkom.
- Alle krediete moet reeds teen einde Maart op die studenterekening reflekteer.
- Geen toekomstige betalings (beurse, lenings of deposito's) sal in ag geneem word nie!**
- Betalings wat teen 31 Maart op die Universiteit se bankrekening reflekteer, sal in ag geneem word.
- Korting is slegs van toepassing op die huidige jaar se klas- en losiesgelde, en is dus **nie terugwerkend nie!**

Die korting vir vroeë betaling sal eers in April op die studenterekening reflekteer.

2.3.6 Personeelafslag

Permanente personeel van die Noordwes-Universiteit, asook vastetermynaanstellings met volle voordele, is geregtig op personeelafslag op **klasgelde** op die voorwaardes soos uiteengesit in die Universiteit se Diensvoorwaardes, klousule 7.4. Tydlike personeel en vastetermynaanstellings sonder voordele is hiervan uitgesluit.

Personeelafslag is slegs van toepassing op kwalifikasies soos gelys in die amptelike NWU-jaarboeke, en word gebaseer op die toepaslike maksimum klasgeldtydperke soos omskryf in klousules 2.2.3.1 en 2.2.3.2, en word slegs toegestaan tot en met die einde van die betrokke klasgeldtydperk en ook **slegs eenmalig** per kwalifikasieheffing en/of modules, **met geen onderskeid tussen voltydse- en deeltydse studies nie.**

Registrasiegelde en bykomende heffings in die jare waar die maksimum klasgeldtydperk oorskry word, kwalifiseer nie vir personeelafslag nie. Registrasiegelde kan nie in maandelikse paaiemente afbetaal word nie.

Personeellede is slegs geregtig op afslag vanaf hul aanstellingsdatum, dus proporsionele afslag. (Vir 12 maande in diens, word 100% afslag op verskuldigde klasgelde toegestaan, vir 11 maande in diens 91.67%, vir 10 maande 83.33% ensovoorts. Gestel diens word op 1 Februarie aanvaar, dan is die personeellid slegs geregtig op die 11 maande wat hy/sy in diens is se afslag, naamlik 91.67% van verskuldigde klasgelde.)

Personeellede wat bedank, is proporsioneel verantwoordelik vir die betaling van klasgelde vanaf die datum van bedanking. Indien personeelafslag reeds teen die toepaslike rekening/e betaal of gekrediteer is, sal die proporsionele bedrag waarvoor die personeellid nou verantwoordelik is teen die rekening/e gedebiteer word.

Die toestaan van personeelafslag raak nie die kwalifisering vir die ontvangs van enige ander studiebeurse nie.

Personeelafslag word nie outomaties toegestaan nie en personeel **moet jaarliks daarvoor aansoek doen.** Indien daar dus nie in 'n betrokke voorafgaande jaar vir personeelafslag aansoek gedoen is nie, sal geen afslag terugwerkend toegestaan word nie. Geen afslag sal byvoorbeeld vir 2016-klasgelde in 2017 toegestaan word nie.

Ingevolge die [Diensvoorwaardes](#) sal personeelafslag nie aan personeellede vir studie aan ander instansies toegeken word nie.

Studente moet ingeskryf wees vir 'n NWU-kwalifikasie soos vervat in fakulteitsjaarboeke. Kursusse wat per derde geldstroom gefinansier word (soos 'n kortleerprogram), kwalifiseer nie vir personeelafslag nie.

Oorskryding van 'n klasgeldtydperk:

1. By 'n studierigtingverandering van 'n meesters- of doktorsgraad word dit as 'n nuwe kwalifikasie beskou en begin 'n nuwe klasgeldtydperk.
2. By 'n verandering van 'n meesters- of doktorsgraad se programinhoud (bv. PhD in Rekeningkunde na 'n PhD in Bedryfsrekeningkunde), beïnvloed dit nie die genoemde klasgeldtydperk nie en word dit as dieselfde kwalifikasie beskou.
3. Met die voortsetting van 'n voorheen onvoltooide kwalifikasie, sal die vorige klasgeldtydperk hervat word waar dit voorheen amptelik gestaak is.
4. Personeelafslag is slegs van toepassing op kwalifikasies soos gelys in die amptelike NWU-jaarboeke, en word gebaseer op die toepaslike maksimum lasgeldtydperke soos hierbo omskryf en word slegs toegestaan tot en met die einde van die betrokke klasgeldtydperk en ook slegs **eenmalig per kwalifikasieheffing** en/of modules, met geen onderskeid tussen voltydse- en deeltydse studies nie.

Die algemene toepassing by die oorskryding van 'n klasgeldtydperk, is soos volg:

5. Indien die oorskryding die student se toedoen is, bly die student verantwoordelik vir die betaling.
6. Indien die oorskryding die student **en** studieleier/skool se toedoen is, word die betaling gedeel deur die student/skool, soos onderling tussen hulle ooreengekom.
7. Indien die oorskryding die studieleier/skool se toedoen is, is die skool verantwoordelik vir die betaling.
8. Indien die oorskryding die eksaminator se toedoen is, en die uitslag van die beslissing na hersiening in die guns van die student is, is daar geen gelde betaalbaar nie. Die student word dus slegs geregistreer om op die graduandi lys te verskyn.
9. Indien die oorskryding die eksaminator se toedoen is, en die uitslag van die beslissing na hersiening ongunstig is, geld reël 1 tot 3.

Riglyne vir aansoek om personeelafslag op klasgelde asook die aansoekvorms is beskikbaar op die NWU Personeel-Intranet. Alle navrae in verband met personeelafslag op klasgelde kan per e-pos aan staff-discount@nwu.ac.za gerig word.

2.3.7 Kredietbedrae op 'n universiteitsrekening

Wanneer daar 'n krediet op 'n universiteitsrekening ontstaan, kan daar op die voorgeskrewe vorm aansoek gedoen word dat die kredietbedrag uitbetaal word met 'n elektroniese bankoorplasing. **Geen** krediet sal in kontant uitbetaal word nie en **geen** uitbetalings kan na kredietkaartrekenings gemaak word nie.

Kredietsaldo's op studenterekenings kan slegs uitbetaal word teen aanvaarbare bewys van die student se identiteit. Uitbetalings aan enige ander persoon as die student kan slegs geskied teen skriftelike magtiging deur die student op die voorgeskrewe vorm wat by die navraetoonbanke beskikbaar is, asook aanvaarbare bewys van die identiteit van die student. Bogenoemde prosedure word deur die toepaslike wetgewing en interne beheermaatreëls genoodsaak.

Waar kredietbedrae ontstaan weens betalings van beurse of lenings van buite die Universiteit, sal die kredietbedrae slegs na voorlegging van die betrokke beurs- of leningskontrak en skriftelike goedkeuring vanaf die beurs- of leningsgewer gemaak word.

Amptelike aansoekvorms vir kredietuitbetalings is beskikbaar by die toonbanke van studentrekeningnavrae, of dit kan per e-pos aangevra word by PUK-studyfees@nwu.ac.za, of dit kan van ons webblad verkry word by die skakel <http://ow.ly/xwg6K>. Die vorm moet volledig en akkuraat ingevul word en ook self deur die student goedgekeur word vir die uitbetaling van krediete. Aansoeke wat per e-pos of faks na die NWU gestuur word moet vergesel word van 'n afskrif van u identiteitsdokument of studentekaart. Die NWU kan nie aanspreeklik gehou word vir foutiewe inligting soos voorsien op die aansoekvorms nie. Let op die spertyd vir indiening van aansoeke asook wagtydperke vir uitbetalings. 'n Standaardheffing sal op die student se rekening gehef word vir elke kredietuitbetalingsversoek.

2.3.8 Verantwoordelikheid vir nakoming van betalingsvoorwaardes

Dit is die student se verantwoordelikheid om toe te sien dat die betalingsvoorwaardes, soos omskryf, nagekom word, ongeag of hul gelde deur middel van 'n lening of beurs gefinansier word.

